# GEBREKKIGE PLAASLIKE BESTUURSREËLINGS IN JOHANNESBURG AS GRIEF VAN DIE UITLANDERS

Johannesburg, met sy tipiese Afrikaanse benaming is in 1886 deur die Boereregering van president Paul Kruger aangelê. Die rykdomme van die Witwatersrand het die dorp spoedig in 'n vreemde, ,uitlandse' en oorwegend ,Engelse' stad laat ontwikkel.

Met die instroming van delwers na die Witwatersrandse goudvelde het dit vir die Regering nodig geword om te alle tye die staatsgesag te handhaaf. Soos bepaal deur die Goudwet is 'n mynkommassaris en die nodige klerke vir die administrasie van die Goudvelde aangestel. Daar is ook gereël vir die verkiesing van 'n Delwerskomitee wat as skakel tussen die delwers en die mynkommissaris moes dien.

Reeds in hierdie vroeë stadium in die evolusie van plaaslike bestuur in Johannesburg het 'n twispunt ontstaan wat nog heelwat wrywing sou veroorsaak en dikwels die gladde werking van die stad se administratiewe masjien sou belemmer. Die sterk konsentrasie van vreemdelinge in Johannesburg het tot gevolg gehad dat die algemene omgangstaal *Engels* was. Die Transvaalse burgers wat in die Goudstad gewoon het, het inderdaad gevoel asof *hulle* die vreemdelinge was en het dikwels nie genoeë geneem met die toestand nie. Kort na die samestelling van die Delwerskomitee het staatsekretaris W. E. Bok die spesiale landdros versoek om toe te sien dat *Hollands* op die komiteevergaderings gebesig word, aangesien die Regering talle klagtes oor die miskenning van die landstaal ontvang het.[1]

Dit was reeds op hierdie tydstip duidelik dat Hollands in die oorwegend Engelssprekende Johannesburg nie sonder ingryping van owerheidsweë kon staande bly nie. Die taalvraagstuk was 'n twisappel wat in die loop van die latere geskiedenis van Johannesburg meer omvangryke afmetinge sou aanneem.

Vir so 'n snelgroeiende gemeenskap kon die Delwerskomitee met sy beperkte bevoegdhede nie die belange van die Johannesburgers na behore behartig nie. Daar is algemeen aanvaar dat 'n meer doeltreffende vorm van plaaslike bestuur ingevolge die Munisipale Wet van 1886 in die lewe geroep sou word. Wet 10 van 1886 het bepaal dat enige dorp in die Republiek met 'n inwonerstal van meer as 500 geregtig sou wees op 'n munisipaliteit. Hierdie wet was egter nie van toepassing op Johannesburg nie omdat Johannesburg nie as dorp geproklameer is nie, en dus deur die Regering as niks meer as 'n versameling standplase beskou is nie. Ten spyte van die lewenskragtige groei tot die grootste dorp in die Republiek, het die Regering steeds geweier om Johannesburg tot dorp te proklameer en volgehou dat 'n ,standplaatsdorp' nie op munisipale bestuur geregtig was nie. Die Regering was wel te vinde vir die daarstelling van 'n Gesondheidskomitee waarvan die lede deur die manlike meerderjarige kiesers verkies sou word. Op dié liggaam sou die mynkommissaris en die distriksgeneesheer ampshalwe sitting neem met eg. as permanente voorsitter.

1. SS 1331, R6625/86, staatsekretaris aan spesiale landdros, 12.1.1887.

Johannesburg was die eerste dorp in die Republiek waarvoor daar spesiale gesondheidsregulasies opgestel is. Soos sy naam aandui was die Gesondheidskomitee se primêre funksie om oor die gesondheidstoestand van Johannesburg te waak. Johannesburg se bevolkingsaanwas het egter so drasties toegeneem dat die Komitee met die personeel tot sy beskikking nie by magte was om die strate skoon te hou nie. Mynkommissaris Jan Eloff het ook aan die Regering sy kommer uitgespreek oor die „ellendige staat" waarin Johannesburg verkeer het. Die ongewenste toestand het hy deels toegskryf aan die gebrek aan 'n sterk plaaslike bestuursliggaam.[2] Die swak gesondheidstoestand van Johannesburg het aan die Gesondheidskomitee 'n goeie geleentheid gebied om vir meer uitgebreide magte te agiteer. 'n Petisie waarin daar gepleit word vir 'n „sterk locaal bestuur" is in Junie 1888 aan die Regering gestuur maar die toestand het onverbeter gebly.[3]

Die versuim van die Regering om met die nodige finansiële bystand en wetgewing die Gesondheidskomitee in staat te stel om sy bestaan te regverdig, was 'n groot bron van ontevredenheid onder die Johannesburgers. 'n Direkte uitvloeisel van die Regering se onwilligheid om aan die inwoners van Johannesburg groter seggenskap in die bestuur van sake van plaaslike belang te verleen, was die stigting van 'n *Politieke Komitee* in 1889.[4] Hierdie organisasie het 'n kort en onbelangrike lewensduur gehad maar dit is betekenisvol dat die voorsitter (C. Deecker) ook 'n lid van die Gesondheidskomitee was.

In hierdie tyd het die agitators vir 'n munisipaliteit 'n magtige bondgenoot in die Johannesburgse koerant, *The Star*, gekry wat in 1887 verskyn het. Die koerant het uit die staanspoor as spreekbuis vir die Uitlanders opgetree en sy afkeer aan die Republikeinse Regering nie onder tafels en stoele weggesteek nie.

In antwoord op verdere petisies en afvaardigings van 1889 het die Regering hom bereid verklaar om meer magte aan die Gesondheidskomitee te verleen, maar was onvoorwaardelik gekant teen die instelling van 'n volwaardige munisipaliteit vir Johannesburg. Omdat 'n standplaasdorp op verleende regte van 99 jaar berus, en dus met die standplaaslisensies 'n bestendige bron van inkomste vir die staat verseker het, kon die verklaring van Johannesburg as dorp nie oorweeg word nie. 'n Oorweging teen die toestaan van 'n stadsraad wat swaar by president Kruger geweeg het, was die vinnige groei van die Goudstad se bevolking. Tydens 'n besoek aan Johannesburg in Desember 1888 het Kruger 'n afvaardiging van die Delwerskomitee laat verstaan dat hy nie te vinde was vir die verlening van volle munisipale regte aan die stad nie, omdat so 'n stap waarskynlik sou lei tot die skepping van 'n regering-binne-'n-regering.[5] 'n Sterk, selfregerende uitlanderstad geleë in die hart van die Republiek was vir president Kruger 'n wesenlike gevaar vir die

2. SS 1654, R5362/88, mynkommissaris aan staatsekretaris, 12.6.1888.
3. SS 1664, R5779/88, petisie van Gesondheidskomitee.
4. Korrespondensie van Gesondheidskomitee, 1889. (Africanabiblioteek, Johannesburg.)
5. J. F. van Oordt, *Paul Kruger en de opkomst der Z.A.R.*, p. 497.

behoud van die swaarverkreë onafhanklikheid. Dáárom was dit noodsaaklik dat alle munisipale toegewings tot 'n minimum beperk word. Kruger was ook van oordeel dat die bestaan van die goudvelde van tydelike aard was, en dit dus nie wenslik was dat 'n „standplaasdorp" tot „een stad . . . word verheven."[6]

Die Volksraad het die President se sienswyse gedeel en besluit dat geen stadsraad op enige standplaasdorp ingestel sou word nie.[7]

Die besluit van die Volksraad het bittere ontevredenheid in Johannesburg uitgelok. Die *Star* het onomwonde verklaar dat daar volgehou moes word met die eise om groter munisipale magte. „Nothing but a municipal revolution will convince President Kruger and his following that the lives of the people of this town, and their comfort and convenience, can no longer be subject to the caprices and prejudices of a Volksraad which has no knowledge of the wants of a town such as Johannesburg has become, and much less of statesmanship such as the present needs of the country demand. And to such a revolution the people of Johannesburg are being surely driven."[8]

Die bogenoemde Volksraadsbesluit het egter nie beteken dat hervormings in die plaaslike bestuur van Johannesburg op die lange baan geskuif is nie. Die Regering was terdeë bewus van die noodsaaklikheid om die eise van Johannesburg so ver moontlik te probeer tegemoetkom. Dit het mettertyd baie duidelik geword dat Johannesburg nie 'n paddastoeldorp was wat weer net so skielik sou verdwyn as wat hy op kaal Hoëveldse vlaktes verrys het nie. Die reg om na sy eie basiese behoeftes om te sien kon nie veel langer aan die Goudstad ontsê word nie. In 1889 is die bevoegdhede van die Gesondheidskomitee heelwat uitgebrei, sy verpligtinge is meer omvattend omskryf en sy ledetal is vergroot.[9]

Die *Star* was uiters optimisties in sy bespiegelinge oor die toekoms van die nuwe Gesondheidskomitee. Die nuwe regulasies is beskou as „the first instalment of what must ultimately be the charter of . . . Municipal liberties."[10] Belangrik is die feit dat die koerant gestel het dat die nuwe gekonstitueerde liggaam hom nie net met plaaslike sake moes bemoei nie, maar moes dien as buffer tussen die Regering en geregeerdes. Dit moes as werktuig dien waarmee griewe uit die weg geruim kon word.[11] Die feit dat die Regering aan die eise van die Johannesburgers toegegee het, is gesien as 'n teken van aanmoediging vir die volgehoue eise om toegewings wat beskou is as van groter openbare belang as 'n munisipaliteit vir Johannesburg. Noudat „the charter of our liberties as citizens . . ." verkry is, kon vraagstukke soos die stemreg en spoorverbinding met groter daadkrag aangepak word.[12]

Die taalprobleem het mettertyd ernstige afmetings aangeneem. Van-

6. Byvoegsel tot *De Staats Courant*, 17.7.1889. Volksraadsdebat, art. 964, 15.7.1889.
7. *Ibid.*, art. 965.
8. *The Star*, 16.7.1889, hoofartikel.
9. *De Staats Courant*, 23.10.1889, G.K. 319 en 320.
10. *The Star*, 14.8.1889, hoofartikel.
11. *The Star*, 4.10.1889, hoofartikel.
12. *The Star*, 23.10.1889. hoofartikel.

weë die meerderheid Engelssprekendes in die Gesondheidskomitee is die notules van die vergaderings in Hollands en Engels gehou. Die notule is in albei tale gelees, maar die voorsitter het net die Hollandse weergawe onderteken. Die taalstorm het weer losgebars toe die heer Rogers tydens 'n vergadering van 20 Februarie 1890 beswaar aangeteken het teen die lees van die notule in Hollands omdat hy dit as 'n onnodige tydverkwisting beskou het. Hy was van mening dat, aangesien die meerderheid van die lede nie Hollands magtig was nie, die Engelse weergawe as die amptelike notule beskou moes word en dat dit deur die voorsitter onderteken moes word. Dr. Schultz, wat in sy hoedanigheid as distriksgeneesheer, in die afwesigheid van die mynkommissaris as voorsitter moes optree, het verklaar dat hy in opdrag slegs die Hollandse weergawe moes onderteken anders sou die notule nie amptelik wees nie. Hy het egter ingewillig om ook die Engelse notule te onderteken met dien verstande dat uitsluitsel oor die aangeleentheid van die mynkommissaris verkry word.[13]

Op die volgende vergadering het mynkommissaris Eloff weer die voorsitterstoel ingeneem, en nadat die notule gelees is, hom slegs bereid verklaar om die Hollandse weergawe te onderteken. Lid Rogers het onmiddellik sy ontevredenheid met hierdie reëling getoon deur sy bedanking as lid van die Gesondheidskomitee aan die sekretaris te oorhandig en die vergadering te verlaat.[14] Die *Star* het die gevoel uitgespreek dat die onversetlike houding wat beide taalgroepe teenoor die taalvraagstuk ingeneem het „one of the most powerful sources of discontent" was.[15] Vir die Regering was die *taal* een van die simbole van die Republiek se onafhanklike nasieskap; dit was daarom noodsaaklik dat die Hollandse taal in die Afrikanerstad, wat so vinnig besig was om te verengels, gehandhaaf word.

'n Oorsaak van groot misnoë onder die Johannesburgers, wat ook in baie opsigte geregverdig was, was die *konsessiebeleid* van die Regering. Die *Star* gee 'n goeie beeld van die houding wat die kiesers teenoor die konsessies ingeneem het: „It was the prospect of a concession being granted for the conduct of the sanitary work of this township which gave rise to the 'No Concession' cry which was raised at the late Sanitary Board elections, and which resulted in the defeat of every one of the candidates who were understood to favour the granting of that concession."[16]

Toe die Regering sonder inagneming van die Gesondheidskomitee se belange, 'n trem- en markkonsessie toegestaan het, het die openbare mening teen hierdie outokratiese optrede opgevlam. Olie is op die vuur gegooi toe dit geblyk het dat die inkomste uit die konsessies in die staatskas gestort sou word. Die algemene standpunt was dat die winste wat die konsessies afgewerp het, Johannesburg toegekom het omdat die

13. *The Star,* 20.2.1890, verslag van vergadering van Gesondheidskomitee.
14. *The Star,* 27.2.1890, verslag van vergadering van Gesondheidskomitee.
15. *The Star,* 27.2.1890, berig oor Rogers se bedanking.
16. *The Star,* 27.11.1889, hoofartikel.

belastingbetalers die ongerief moes verduur wat die lê van tremspore en pype in die strate meegebring het.[17] Die verbreking van die strate het dikwels wrywing tussen die stadsvaders en konsessionarisse veroorsaak. Vir die Johannesburgers was dit 'n onhoudbare toedrag van sake aangesien die Regering hulle nie in kennis gestel het wanneer 'n nuwe konsessie toegestaan is, of wat die voorwaardes daaraan verbonde was nie. Die Gesondheidskomitee was dus verplig om gedurig die *Staats Courant* dop te hou om van enige nuwe konsessies kennis te neem.

'n Konsessie wat eerste aanleiding tot 'n botsing met die Regering gegee het, was die reg wat aan die Markgebou Maatskappy toegesê is om 'n gebou op die markplein op te rig. Die Gesondheidskomitee het besluit om 'n afskrif van die betrokke konsessie van die Regering aan te vra, en om „beleefd doch ernstig [te] protesteerd tegen eenige verdere gebruik geving van opene publieke gronden aan de marktgebouwen Comp. van Johannesburg om daarop te bouwen."[18] Hierdie uiters billike versoek van die Gesondheidskomitee het egter nie 'n baie gunstige ontvangs in Pretoria gehad nie. Die Komitee is kort en saaklik meegedeel dat die Regering nie kon begryp hoe dit op die weg van die Gesondheidskomitee gelê het om aan Pretoria voor te skryf wat om met die markgronde te doen nie. Dit het die Regering „leed aangedoen" dat die Komitee op dié wyse optree en die komitee is kortaf meegedeel dat 'n afskrif van die betrokke konsessie by die Registrateur van aktes verkry kon word.[19]

Die Gesondheidskomitee het die Regering se teregwysing met „verwondering" ontvang en Pretoria laat weet dat hy op sy beurt nie kon begryp hoe so 'n „Zeer gematigd protest" beskou kon word, as 'n poging om aan die Regering te probeer voorskryf nie. Die Regering se aandag is eerbiedig op die feit gevestig dat die pleine binne die Gesondheidskomitee se regsgebied was, en volgens die regulasies onder die Komitee se beheer moes staan.[20]

Staatsekretaris Leyds het die Komitee se besware uiters aanmatigend gevind en verklaar dat die Regering graag met die Gesondeidskomitee oor die saak van plaaslike belang wou saamwerk „maar dat zij niet kan toelaten, dat tegen een Regeeringshandeling wordt geprotesteerd door het Comitè, en dit te minder omdat het Comitè zijn bestaan en zijn macht te danken heeft aan Gezondheidsregulatieën, die ten alle tijde door den Uitvoerende Raad kunnen worden veranderd."[21] Hierdie dreigende houding van Leyds het nie bygedra tot 'n beter verhouding tussen Johannesburg en Pretoria nie.

Die Gesondheidskomitee het nie beswaar gehad teen die konsessie-

17. *The Star*, 9.12.1889, hoofartikel.
18. Notule van vergadering van Gesondheidskomitee, 2.12.1889; SS 2174, R12978/89, Gesondheidskomitee aan staatssekretaris, 3.12.1889.
19. SS 8684, BB4066/89, waarnemende onder-staatsekretaris aan Gesondheidskomitee, 14.12.1889.
20. SS 2174, R12978/89, Gesondheidskomitee aan staatsekretaris, 17.1.1890. Dié konsepbrief is deur E. Hancock opgestel.
21. SS 8687, BB1024/90, staatsekretaris aan Gesondheidskomitee, 18.2.1890; Korrespondensie van Gesondheidskomitee, 1890; *The Star*, 27.2.1890, verslag van vergadering van Gesondheidskomitee.

stelsel as sodanig nie, maar wel teen die feit dat die konsessies sonder hul medewete deur die Regering toegestaan, en as't ware op Johannesburg afgedwing is sonder dat hulle in die winste gedeel het.

In Oktober 1890 het die Regering 'n nuwe konstitusie vir die Gesondheidskomitee uitgevaardig. Die nuwe regulasies het voorsiening gemaak vir drie regeringsverteenwoordigers op die Komitee waarvan een as regeringskommissaris bekend sou staan. Sy belangrikste funksie sou wees om al die vergaderings by te woon en om "al zijn tijd en krachten" aan die werksaamhede van die Komitee te bestee. Die talle klagtes en petisies wat die Regering oor die miskenning van die landstaal ontvang het, het in die nuwe konstitusie weerklank gevind. Die konstitusie het nou uitdruklik bepaal dat geen persoon sitting op die Gesondheidskomitee kon neem wat nie Hollands magtig was nie. Hierdie vereiste sou ook vir al die werknemers van die Komitee geld. Alle besprekings, notules, kontrakte, kennisgewings ens. moes voortaan in die landstaal wees.

Die *Star* het met groot bitterheid op die nuwe regulasies gereageer. Die konstitusie is as reaksionêr beskryf en met die grootste minagting verwerp. Waar die Johannesburgers om brood gevra het, is 'n klip aan hulle gegee. Die regeringskommissaris is gesien as "neither more nor less than a Government spy". Die taalklousule is onvoorwaardelik veroordeel omdat die verpligte gebruik van „Kitchen Dutch" die Johannesburgers sou verhinder om die beste kandidate vir die Gesondheidskomitee te kies. Die rede vir die „reaksionêre" konstitusie is toegeskryf aan president Kruger se mislukking op 'n ander terrein: „The president is a narrow-minded man; he has been soured over his disappointments in Swazieland; he must 'take it out' on someone or he will die, and Johannesburg is to be the *corpus vile*". Die President is gewaarsku dat „those whom the gods intend to destroy, they first make mad . . . he will assuredly find himself, and that before long, sprawling ignominiously on the sand."[22]

Die taalkwessie het ongetwyfeld 'n stremmende invloed op die ontwikkeling van Johannesburg uitgeoefen. Die vereiste taalbevoegdheid het veroorsaak dat talle bekwame persone die voorreg ontneem is om 'n aandeel in die bestuur van die stad te hê. So is die heer W. F. Lance, oud-burgemeester van Oos-Londen in 1888, en een van die bekwaamste lede van die Gesondheidskomitee, vanweë sy gebrekkige kennis van Hollands verplig om hom van die openbare lewe te onttrek.[23] Die Regering het natuurlik alle reg gehad om aan te dring op die gebruik van die landstaal deur die Komitee, maar gesien teen die agtergrond van die bevolkingsamestelling van die Goudstad kon die taalvereiste meer toeskietlik gewees het. Dit sou miskien wys gewees het om die van kragwording van die taalvereiste as oorgangsmaatreël vir 'n jaar uit te gestel het, ten einde bestaande lede van die Komitee (asook voornemende kandidate) in 'n geleentheid te gestel het om die landstaal te probeer bemeester.

22. *The Star*, 2.10.1890, hoofartikel.
23. *The Star*, 7.10.1890, berig oor Gesondheidskomitee.

In Augustus 1892 het die Regering 'n nuwe Stadraadswet (Wet 19 van 1892) uitgevaardig wat voorsiening gemaak het vir die daarstelling van 'n stadsraad vir elke dorp in die Republiek met 'n bevolkingsyfer van meer as 500. Die Wet het bepaal dat 'n burgemeester ampshalwe deur die Regering aangestel sou word en dat stemreg vir stadsraadslede net tot *landsburgers* en tot eienaars van grond te waarde van minstens £100 beperk sou wees.

Die groot opkoms van „determined hundreds" na 'n openbare vergadering wat op 13 Augustus 1892 deur die Gesondheidskomitee belê is, is 'n goeie aanduiding van die ontevredenheid wat daar onder die Johannesburgers teen die Regering geheers het. Die vergadering het die nuwe Stadsraadswet sterk gekritiseer. Dit is onaanvaarbaar gevind omdat dit geen ingrypende veranderings in die plaaslike bestuursreëlings meegebring het nie; dit het 'n stadsraad in die vooruitsig gestel op 'n basis wat vir Johannesburg heeltemal onaanneemlik was. Die stemreg bepaling kon nie aanvaar word nie„ aangesien die vergadering van oordeel was dat *alle* belastingbetalers geregtig moes wees om vir stadsraadslede te stem. 'n Burgemeester wat van regeringsweë benoem en gesalariëer sou word, was ewe eens teenstrydig met die Gesondheidskomitee se volgehoue pleidooie vir 'n verkose burgemeester. Die algemene gevoel was dat die Wet net geskik was vir „a little Boerdorp."[24]

Na afloop van die vergadering het die Gesondheidskomitee se voorsitter die aanwesiges vir hul ondersteuning bedank en die voorsitterstoel ontruim. Die heer J. Tudhope het daarop die vergadering toegespreek en verklaar dat die tyd aangebreek het dat die *politieke status* van Johannesburg in oënskou geneem word met die doel om hul belange te beskerm. In 'n opruiende toespraak het Tudhope die Regering gekritiseer oor onder meer, die swak behandeling wat die Gesondheidskomitee ontvang het in sy pogings om meer onafhanklikheid vir Johannesburg te verkry; die hoë belasting waaraan die mynindustrie onderhewig was; swak polisiebeskerming en gebrekkige onderwys. Die gedagte om 'n politieke vereniging te stig wat as mondstuk vir die Uitlanders se griewe sou dien is met groot geesdrif aangegryp. Daar is besluit om die vergadering tot 20 Augustus 1892 te verdaag om 'n program van aksie op te stel. 'n Komitee van vyftien is benoem om die doelstellings, grondbeginsels en werkswyse van die beoogde politieke vereniging te formuleer. Die stigting van die *Transvaal National Union* op 20 Augustus 1892 kan beskou word as 'n *direkte* uitvloeisel van die Gesondheidskomitee se vergeefse pogings om groter munisipale magte vir Johannesburg te bekom. Die Regering se onwilligheid om aan Johannesburg 'n onafhanklike stadsraad te verleen het dus 'n reuse bydrae tot die ontwaking van die Uitlanders se politieke bewuswording gelewer. Dit is veelseggend dat invloedryke lede van die Komitee soos E. Hancock, H. Solomon en J. Jeppe jnr. 'n leidende aandeel in die stigting van die nuwe politieke organisasie gehad het. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die T.N.U. se

24. *Standard & Diggers News*, 15.8.1892, verslag van openbare vargadering; SS 3226, R9187/92, notule van openbare vergadering.

ondersteuning in hierdie stadium so omvangryk sou gewees het, indien die politieke bal nie deur die ontevredenheid met die plaaslike bestuursreëlings aan die rol gesit het nie.

Die taalprobleem was nog steeds een van die groot wrywingspunte tussen Johannesburg en Pretoria. Hoewel die Gesondheidskomitee aan die konstitusie voldoen het deur alle korrespondensie, kennisgewings, notules ens. in Hollands te hou, het die Regering oogluikend die gebruik van Engels tydens vergaderings toegelaat. So lank die Engelse taal vir al die lede verstaanbaar was, was dié reëling baie bevredigend. Maar met die verkiesing van die heer Daantjie du Toit as verteenwoordiger van wyk 1 het die taaltwis weer kop uitgesteek en hierdie keer meer ernstige afmetinge aangeneem. In die loop van 'n vergadering van 31 Oktober 1894 het Du Toit die aanwesiges se aandag op die feit gevestig dat niemand sitting op die Gesondheidskomitee mag neem, wat nie die landstaal magtig was nie. Aangesien sy kennis van Engels bra swak was, het Du Toit die vergadering versoek dat die besprekings kortliks in Hollands opgesom moes word, sodat hy op hoogte van die verloop van die vergaderings kon bly. Die voorstel het egter verlore gegaan toe daar geen sekondant voor gevind kon word nie.[25]

Regeringskommissaris Bok het, as verteenwoordiger van die Regering se belange, sy plig gedoen deur die aangeleentheid by die Uitvoerende Raad te rapporteer. Die Regering was van oordeel dat die Komitee die toegewing om Engels te besig tot nadeel van die Hollandssprekende lede misbruik het. Daar is gevolglik beslis dat alle besprekings in die toekoms in die landstaal moes geskied.[26] Dié besluit het groot bitterheid teen die Regering in die algemeen veroorsaak en teen Du Toit in besonder. Die *Star* het na Du Toit verwys as 'n leuenaar, as iemand wat van sy sinne beroof is en as prater van „unmitigated twaddle". Die Regering se besluit is ook beskou as 'n maatreël om alle plaaslike bestuursreëlings in Johannesburg tot 'n klugspel te verlaag.[27]

Die Gesondheidskomitee het dit goed gedink om nie dadelik teen die besluit te protesteer nie, maar om die gebruik van Hollands vir een maand op die proef te stel. Die nuwe reëling het die bedanking van lid Holt („one of the most useful and hardworking of Sanitary Board members . . ."[28]) as verteenwoordiger vir wyk 3 tot gevolg gehad.

Met die volgende paar vergaderings het die Gesondheidskomitee onder die wakende oë van Du Toit en Bok, die Regering se opdrag uitgevoer om die Hollandse taal tot sy reg te laat kom. Die Hollands van die lede was egter so swak, dat een van die lede die mening uitgespreek het dat dit waarskynlik net so onverstaanbaar vir Du Toit moes wees as Engels. Die eienaardige taal wat die lede gebesig het, het dikwels groot verwarring veroorsaak. Vir sommige lede het die eienaardige klanke na 'n kalkoentaal (‚turkey gabble') geklink.[29]

---

25. Notules van vergaderings van Gesondheidskomitee, 17.10.1894 en 31.10.1894.
26. Notule vas vergadering van Gesondheidskomitee, 8.11.1894; *The Star*, 8.11.1894, verslag van vergadering van Gesondheidskomitee.
27. *The Star*, 8.11.1894, hoofartikel.
28. *The Star*, 9.11.1894, art.: 'Nothing but the Taal'.
29. *The Star*, 17.1.1895, verslag van vergadering van Gesondheidskomitee.

Ná drie weke het die Engelssprekende lede van die komitee die situasie onhoudbaar gevind en daar is met die enkele teenstem van Du Toit besluit om die gebruik van Engels naas die landstaal, by die Regering te bepleit.[30] Du Toit het die stuur van 'n afvaardiging na Pretoria heftig teengestaan. Hy het aangevoer dat die Regering nie soos 'n Esau sy eersgeboortereg vir 'n pot lensiesop kon verkoop nie.[31] Die Regering het met 'n simpatieke oor na die Gesondheidskomitee se taalprobleme geluister en saamgestem dat die verpligte gebruik van Hollands 'n stremmende invloed op die stad se ontwikkeling uitgeoefen het. Met Pretoria se goedkeuring vir die gebruik van Engels tydens vergaderings is 'n groot wrywingspunt uitgeskakel.

Met die Jameson-inval is die Regering gedwing om die kop-in-die-sand-houding teenoor die Gesondheidskomitee te laat vaar, en om die behoeftes van die Johannesburgers in die regte perpektief te sien. Die vyandige gesindheid wat deur en tydens die Inval teen die Regering geheers het, is in 'n groot mate in die Gesondheidskomitee vergestalt. Dit wek ook geen verbasing nie; daar moet in gedagte gehou word dat die Komitee sedert sy ontstaan grotendeels uit Uitlandergeledere gevul is. Die Jameson-inval het duidelik getoon waar die lojaliteit van die lede gelê het. Die Komitee het besluit om 'n houding van neutraliteit in te neem en om dieselfde gesindheid van sy amptenare af te dwing. Ten spyte van sy verklaarde houding van neutraliteit is dit tog duidelik dat die Gesondheidskomitee baie simpatiek teenoor die rewolusionêre element in Johannesburg gestaan het. Voorsitter E. Hancock het die neutraliteitsbeginsel self geloën deur aansoek om lidmaatskap van die *Reform Commitee* te doen.[32]

Die verdagte houding wat die Komitee tydens die Inval ingeneem het, het die Regering oortuig dat die Komitee en sy amptenarekorps 'n sterk dislojale element bevat het. 'n Kommissie is gevolglik aangewys om 'n omvattende ondersoek in te stel na die bedrywighede van die Gesondheidskomitee en sy werknemers ten tye van die Jameson-krisis. Die Kommissie het bevind dat, slegs met die uitsondering van regeringskommissaris Bok, al die lede hul plig teenoor die Regering versuim het deur na te laat om die staatsbelange te beskerm. Daar is gevind dat een van die regeringsverteenwoordigers (H. F. E. Pistorius) selfs so ver gegaan het deur te verklaar dat dit hoog tyd was „dat Paul Kruger van zijn hooge stoel afgehaald word."[33] Die bevindings van die kommissie het ongetwyfeld 'n groot invloed uitgeoefen op die formulering van die latere Stadsraadswet vir Johannesburg.

Na die Jameson-inval het die Regering nie gedurf om sy oë langer te sluit vir Johannesburg se eise om groter munisipale seggenskap nie. Die gebrek aan 'n behoorlike plaaslike bestuur was immers een van die Uitlandergriewe wat in Leonard se bekende manifes getabuleer is. President Kruger het op 10 Januarie 1896 'n proklamasie uitgevaardig waarin

30. Notule van vergadering van Gesondheidskomitee, 29.11.1894.
31. Notule van vergadering van Gesondheidskomitee, 16.1.1895.
32. SS 5211, R2135/96, verslag van Kommissie van Ondersoek. 26.2.1896.
33. *Ibid.*

'n belofte aan die Johannesburgers gedoen is om die stad so gou doenlik van 'n stadsraad te voorsien.[34]

Die gedagte om die Uitlanders se gemoedere met groter seggenskap in hul plaaslike bestuursreëlings te sus, is ook deur koloniale sekretaris Joseph Chamberlain aangegryp. Volgens 'n tydgenootlike waarnemer het Chamberlain „Home Rule for the Rand" as oplossing vir die Uitlanders se probleme gesien. „An easy way to have remedied the grievances," sou Chamberlain verklaar het, „was to have given the people of Johannesburg, where the outlanders most congregated, a real municipality, a municipality in the sense in which we understand it in this country."[35]

Hoewel die Regering nie langer sy oë kon sluit vir die Johannesburgers se baie geregverdigde eise om groter seggenskap in plaaslike bestuursake nie, kon die wense van die gevestigde landsburgers nie uit die oog verloor word nie. Met talle memories het die ou bevolking die Regering tot versigtigheid gemaan om nie die Uitlanderelement onnodiglik te versterk nie.

Die Stadsraadswet vir Johannesburg is in die *Staats Courant* as Wet 9 van 1897 gepubliseer.[36] In sy finale vorm was die Wet egter vir die meeste Johannesburgers onaanvaarbaar en is as „a hopeless and colossal failure" beskryf.[37] Onder die Stadsraad sou die Uitlanders inderdaad nog minder verteenwoordiging hê as onder die Gesondheidskomitee. Die Gesondheidskomitee het die bepaalde voorreg geniet om sy eie voorsitter te kies terwyl 'n burgemeester van owerheidsweë aangestel en gesalariëer sou word. Die Komitee het ook nie enige eise t.o.v. burgerskap van kandidate gestel nie; volgens die Stadsraadswet moes helfte van die lede van die Stadsraad stemgeregtigde burgers wees.

Die onthouding van 'n behoorlike gekonstitueerde munisipaliteit vir Johannesburg het verreikende gevolge gehad. Eerstens het dit wydverspreide ontevredenheid onder die Johannesburgers veroorsaak wat die spanning tussen Johannesburg en Pretoria verhoog het. Die verydelde pogings om groter munisipale selfstandigheid het die politieke bewussyn van die Johannesburgers in so 'n mate geprikkel dat dit die gevoel van samehorigheid en eensgesindheid aansienlik verhoog het.

Van groot belang is die feit dat die plaaslike bestuursliggaam 'n belangrike kontakpunt tussen Pretoria en Johannesburg was. Die talle onderhoude wat afvaardigings van die Delwerskomitee, die Gesondheidskomitee en die Stadsraad met die Regering gehad het, tesame met die omvangryke briefwisseling wat met die Regering gevoer is, het die Uitlanders vertroud gemaak met die denkwyse, vooroordele en standpunte wat in Pretoria gehuldig is. Die stryd om meer munisipale verantwoor-

34. Die proklamasie is deur E. J. P. Jorissen opgestel en is in 'n buitengewone *Staats Courant* van 10.1.1896 gepubliseer; E. J. P. Jorissen, *Transvaalsche Herinneringen*, p. 142.
35. J. A. Buttery, *Why Kruger made war*, p. 249; Vgl. J. L. Garvin, *The Life of Joseph Chamberlain*, p. 129, se siening oor Chamberlain se 'Home Rule' voorstel.
36. *De Staats Courant*, 29.9.1897.
37. *The Star*, 4.9.1897, hoofartikel.

delikheid het as handige leerskool vir die groter stryd om die stemreg gedien.

Die pogings wat tussen 1886 en 1897 aangewend is om 'n volwaardige munisipaliteit te bekom, is noukeurig deur 'n pers gevolg wat sy vyandigheid jeens die Regering nie verbloem het nie. Die mislukte pogings om groter plaaslike seggenskap te bekom is dikwels as vertrekpunt gebruik om aanvalle teen die Regering te loods. Die pers het die indruk verskerp van 'n outokratiese Regering wat ten doel gehad het om die Uitlanders in 'n toestand van verdrukking en vernedering te hou. Op diè manier is 'n klimaat van vyandigheid en onversoenbaarheid teenoor die Regering geskep.

M. S. Appelgryn.